



GESKIEDENIS: VRAESTEL II

Tyd: 2 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 5 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Lees die vrae noukeurig deur.
 3. Beantwoord **EEN** vraag uit Afdeling A en **EEN** vraag uit Afdeling B.
 4. Akkurate en voldoende feitelike kennis is noodsaaklik; terselfdertyd is dit net so belangrik om die relevante inligting krities toe te pas in die beantwoording van die vrae.
 5. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 6. Nommer jou antwoorde presies soos wat die vrae in die vraestel genummer is.
 7. Dit is in jou eie belang om netjies en leesbaar te skryf. Werk op 'n geordende wyse en bied jou antwoorde so netjies as moontlik aan.
-

AFDELING A BEREDENEERDE OPSTEL

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

'n Beredeneerde opstel wat bewys lewer van ontleding, interpretasie, verduideliking en argumentering word verlang. Dit moet ongeveer 800–900 woorde lank wees.

TEMA ONAFHANKLIKE AFRIKA**VRAAG 1**

Tanzanië was meer effektief as die Kongo/Zaire om hulle onderskeidelike politieke uitdagings na onafhanklikheid te oorkom.

Bespreek die geldigheid van die bostaande stelling.

[70]

OF

TEMA BURGERLIKE SAMELEWINGSOPSTANDE 1950's TOT 1970's**VRAAG 2**

Die studentebeweging was meer effektief as die hippie-beweging in die regstelling van onreg in die Verenigde State van Amerika in die 1960's.

Bespreek die geldigheid van die bostaande stelling.

[70]

OF

TEMA BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA 1970's EN 1980's**VRAAG 3**

Ekonomiese sanksies was gedurende die 1980's meer suksesvol as ander maniere van internasionale protes in die uitdaging van die Nasionale Party-regering in Suid-Afrika.

Bespreek die geldigheid van die bostaande stelling.

[70]

70 punte

AFDELING B UITGEBREIDE SKRYFWERK

Beantwoord **EEN** vraag uit hierdie afdeling.

Die uitgebreide skryfstuk moet ongeveer 350–400 woorde lank wees. Gebruik jou eie kennis en jy mag ook na die stimulus verwys om die vrae te beantwoord.

TEMA ONAFHANKLIKE AFRIKA**VRAAG 4**

Hierdie foto, in 1969 geneem, toon Julius Nyerere tydens 'n besoek aan 'n kollektiewe plaas wat ontwikkel is as deel van die beleidsverskuiwings in Tanzanië na die Arusha-verklaring in 1967.



[Tanzania: The facts] [Beskikbaar by <http://www.soko-Tanzania.com/ujamaa_villages.html> Verkry op 11 Desember 2015]

Verduidelik Julius Nyerere se rol in die sosiale en ekonomiese beleide van Tanzanië na onafhanklikheidswording deur die volgende vrae te beantwoord:

- (a) Wie was Julius Nyerere en wat was sy doelwitte?
- (b) Hoe het Julius Nyerere na onafhanklikheidswording sosiale en ekonomiese beleide in Tanzanië bevorder?
- (c) Wat was die impak van Julius Nyerere se sosiale en ekonomiese beleide op Tanzanië na onafhanklikheidswording?

[30]

OF

TEMA BURGERLIKE SAMELEWINGSPROTES 1950's TOT 1970's**VRAAG 5**

Hierdie foto, op 25 Maart 1965 geneem, toon Martin Luther King Jnr. wat duisende nie-gewelddadige betogers van Selma na Montgomery lei om vir stemreg te betoog.



[National Historic Trails] [Beskikbaar by <<http://npplan.com/national-historic-trails>> Verkry op 25 Januarie 2016]

Verduidelik Martin Luther King Jnr. se rol in die bevordering van burgerregte in die Verenigde State tussen 1955 en 1965 deur die volgende vrae te beantwoord:

- (a) Wie was Martin Luther King Jnr. en wat was sy doelwitte?
- (b) Hoe het Martin Luther King Jnr. tussen 1955 en 1965 burgerregte in die VSA bevorder?
- (c) Watter impak het Martin Luther King Jnr. tussen 1955 en 1965 gehad in die bevordering van burgerregte in die VSA?

[30]

OF

TEMA BURGERLIKE WEERSTAND IN SUID-AFRIKA 1970's EN 1980's**VRAAG 6**

Hierdie foto, op 14 November 1983 geneem, toon 'n polisieman wat twee Indiërmans buite die Durbanse Stadsaal arresteer gedurende protesaksie teen President Botha se hervormings.



[Institute for Study of Global Anti-Semitism and Policy]

[Beskikbaar by <<http://isgap.org/post/2014/05/et-si-nous-avons-une-vraie-discussion-au-sujet-de-lapartheid/>> Verkry op 25 Januarie 2016]

Verduidelik hoe die Driekamer-parlement in die 1980's probeer het om apartheid in Suid-Afrika te hervorm deur die volgende vrae te beantwoord:

- Hoekom is die Driekamer-parlement geskep?
- Hoe het die Driekamer-parlement in die 1980's probeer om apartheid in Suid-Afrika te hervorm?
- Watter impak het die Driekamer-parlement in die 1980's gehad in sy poging om apartheid in Suid-Afrika te hervorm?

[30]

30 punte

Totaal: 100 punte